

FINANSIËLE REKENINGKUNDE 700 Seminaar RS 4 – Rekeningkundige beleid, verandering in rekeningkundige ramings en foute PH Ferreira	DEPARTEMENT REKENINGKUNDE UP
---	---

Voorgeskrewe werke:

- | | | | |
|----|--|---|-------------------------|
| 1. | IAS 8 | - | IASB |
| 2. | GAAP Handbook Volume 1
- Hoofstuk 5 | - | Pretorius, et al |

Besprekingsklasvrae:

Vraag A Verandering in raming versus verandering in rekeningkundige beleid
 Vraag B Verandering in beleid, fout, aantoonbare items.

Vrae:		Tyd
Vraag 1	Berekenings – verandering in rekeningkundige beleid	± 20 min
Vraag 2	Vorigetydperk-foute, openbaarmaking	± 50 min
Vraag 3	Verandering in beleid, fout, aantoonbare items	± 45 min
Vraag 4	Verandering in beleid, uitgestelde belasting	± 60 min

BESPREKINGSKLASVRAE
VRAAG A

1. Voorraad is voorheen op die EIEU-grondslag waardeer. In die toekoms sal die geweeegde-gemiddelde-koste-metode gebruik word.
2. Voorsiening vir verouderde voorraad is altyd bereken as 5% van die voorraadwaarde. Van nou af sal dit bereken word as 7% van die voorraadwaarde, omdat dit tot 'n redeliker weergawe sal lei.
3. Ontwikkelingskoste is in die verlede oor 8 jaar afgeskryf. Daar word na sorgvuldige oorweging besluit om die uitgawes in die toekoms oor 4 jaar af te skryf.
4. 'n Entiteit, wat die kosprysmodel vir beleggingseiendom gebruik, wil nou oorskakel na die billikewaarde-model.
5. Waardeverminderingsmetode verander van reguitlynmetode na masjienuur-metode.
6. Waardevermindering op geboue is in die verlede teen 2% per jaar afgeskryf. Ten einde eenvormigheid in die groep te verkry, is opdrag deur die moedermaatskappy gegee om hierdie koers na 2,5% per jaar te verander vir alle geboue in die groep.

VERLANG:

Dui telkens aan of die gevalle hierbo 'n verandering in raming of verandering in rekeningkundige beleid verteenwoordig.

VRAAG B

Die onderstaande is 'n uittreksel uit die proefbalans van Arend Beperk vir die jaar geëindig 30 Junie 20X6:

	20X6 Dt(Kt) R	20X5 Dt(Kt) R
Aandelekapitaal	(10 000)	(10 000)
Netto bedryfskapitaal (uitgesluit voorraad)	10 000	6 000
Wins op gewone bedrywighede	(52 000)	(50 000)
Voorraad	48 000	27 000
Belasting op toegevoegde waarde	15 000	-
Masjinerie teen drabedrag	27 000	36 000
Belasting op gewone bedrywighede	20 800	20 000
Dividend betaal	5 000	1 000
Behoue verdienste begin van jaar	(59 000)	(30 000)
Bruto verlies a.g.v. wolkbreuk wat onversekerde masjinerie beskuldig het (aftrekbaar vir belasting – drabedrag gelyk aan belastingbasis)	(20 000)	-
Wins met verkoop van belegging (aanvaar nie - belasbaar)	(30 000)	-

Die kosprys van voorraad was nog altyd volgens die EIEU-formule bepaal. **Nadat** die proefbalans opgestel is, het die direksie besluit om vanaf die huidige jaar die geweegde-gemiddelde-koste-formule te gebruik. Die voorraadwaardasies is soos volg:

	20X4	20X5	20X6
Ou metode	19 500	27 000	48 000
Nuwe metode	22 900	34 800	51 000
Verskil	3 400	7 800	3 000
Belastingeffek @ 40%	(1 360)	(3 120)	(1 200)
	2 040	4 680	1 800
Netto jaarlikse effek:			
- tot 20X4	2 040		
- vir 20X5		2 640	
- vir 20X6			(2 880)

Die SAID het ingestem om die nuwe metode vanaf 20X6 vir belastingdoeleindes te erken. Daar bestaan geen tydelike of ander verskille behalwe dié wat duidelik uit die vraag blyk nie. Kapitaalwinstbelasting en SBM moet geïgnoreer word.

Die belasting op toegevoegde waarde van R15 000 is betaal ten opsigte van 20X5 nadat inspekteurs 'n onderbetaling op gevorderde belasting opgespoor het en 'n bykomende BTW-aanslag ten opsigte van 20X5 uitgereik het. Die onderbetaling het gespruit uit uitset-BTW wat foutiewelik teen die verkoperekening gekrediteer is. SAID het ingestem om die 20X5 inkomstebelastingaanslag te heropen rakende hierdie

aangeleentheid.

Die wins op gewone bedrywighede is soos volg saamgestel:

	20X6 R	20X5 R
Verkope	370 000	344 000
Koste van verkope	(170 000)	(163 000)
Administratiewe uitgawes	(100 000)	(90 000)
Bedryfskoste	(48 000)	(41 000)
	52 000	50 000

VERLANG:

Stel die staat van wins of verlies en ander omvattende inkomste van Arend Beperk vir die jaar geëindig 30 Junie 20X6 op om te voldoen aan International Financial Reporting Standards. Slegs die aantekeninge ten opsigte van wins voor belasting, belasting, verandering in rekeningkundige beleid en vorigetydperk-foute word verlang. Toon ook die staat van verandering in ekwiteit slegs ten opsigte van behoue verdienste.

VRAAG 1

A Bpk erken tans slegs winste op huurkoopverkope wanneer kontant ontvang is. Vir 20X2 en 20X1 het die voorsiening vir ongerealiseerde winste in onbetaalde paaitemente R160 000 en R120 000 respektiewelik beloop. In die huidige jaar (20X3) skakel die maatskappy oor na die metode van voorsiening vir ongerealiseerde finansieringsinkomste op uitstaande debiteure. Die nuwe voorsiening vir 20X3 beloop R65 000, terwyl dit op die ou grondslag R195 000 sou beloop het. Indien die nuwe beleid in 20X2 en 20X1 toegepas was, sou die voorsienings onderskeidelik R50 000 en R40 000 beloop het.

Die belastingkoers was 40% in 20X1 en 20X2, en 45% in 20X3.

VERLANG:

- a) Bespreek kortliks of bogemelde verandering 'n verandering in rekeningkundige beleid verteenwoordig.
- b) Bereken, na aanleiding van die verandering, die volgende:
1. aansuiwering vir die tydperk tot 20X1;
 2. die effek op die wins na belasting vir 20X2;
 3. die effek op die wins na belasting vir 20X3.

VRAAG 2

REK Bpk is 'n vervaardiger van venster- en deurrame van hout. Die maatskappy het op 1 Julie 20X3 sake begin doen.

Die eienaars van die besigheid is drie Italianers wat gedurende 20X3 permanent na die RSA geïmmigreer het. Die fabriek is te Rustenburgnywerheidsgebied gevestig. Die eienaars het op daardie stadium baie min kapitaal tot hul beskikking gehad en was gelukkig om 'n perseel met 'n gebou daarop van die plaaslike owerheid te huur.

Alle vervaardigingsmasjinerie is sedert stigtingsdatum teen 'n bedrag van R40 000 per jaar gehuur (agteruit betaalbaar - met eerste betaling op 30 Junie 20X4).

Die onervare rekenmeester het die volgende opgesomde staat van wins of verlies en ander omvattende inkomste tov die jare geëindig 30 Junie vir u voorberei:

	Aan- tekening	20X6 R	20X5 R
Inkomste		1 420 000	1 350 000
Koste van verkope		(639 000)	(670 000)
Bruto wins		781 000	680 000
Bedryfskoste	1	(641 000)	(555 000)
Wins voor belasting		140 000	125 000
Inkomstebelastinguitgawe @ 50 %	2	(70 000)	(62 500)
Wins na belasting		70 000	62 500
Buitengewone items	3	(20 000)	-
Netto wins vir die tydperk		50 000	62 500

Die direksie het, nadat die finansiële state opgestel is, besluit om die rekeningkundige beleid t.o.v. bruikhure te verander. Dit is in die verlede nie gekapitaliseer nie, hoewel International Financial Reporting Standards reeds vir 'n geruime tyd vereis dat hierdie hure wel gekapitaliseer word.

Bykomende inligting

1. Die volgende is by die bedryfskoste ingesluit:

	R
Verspreidingskoste (20X5: R37 500)	43 000
Administratiewe uitgawes (20X5: R124 500)	121 000
Personeelkoste (20X5: R287 000)	333 000
Huurpaaielemente betaal	70 000
- grond en geboue	30 000
- vervaardigingsmasjinerie (verwys nota 4)	40 000
Waardevermindering op kantoortoerusting	1 530
Donasie aan UP (aftrekbaar vir belastingdoeleindes)	300
Bankrente (20X5: R1 500)	1 850
Rente en wisselkoersverskille op langtermynlening (verwys nota 7)	54 500

2. Belasting is deur die rekenmeester bereken deur die huidige belastingkoers van 50% met die wins voor belasting te vermenigvuldig sonder inagnome van enige inkomstebelastingwetvoorskrifte. Aanvaar dat die belastingkoers konstant was op 50% vir die afgelope aantal jare. SBM moet geïgnoreer word.

3. Die volgende is in die staat van wins of verlies en ander omvattende inkomste hanteer as buitengewone items:

- Boete weens oortreding van die Maatskappywet	R 5 000
- BTW betaal	R15 000

(Die BTW-bedrag is betaalbaar tov die 20X4-boekjaar nadat inspekteurs 'n onderbetaling op gevorderde BTW opgespoor het. Hierdie BTW word gehef op verkope aan die publiek wat direk by die fabriek kom koop, en is foutiewelik teen die verkoperekening gekrediteer in plaas van teen die uitset-BTW-rekening. Die 20X4-belastingaanslag sal heropen word aangaande hierdie saak).

4. Die huurkontrak vir die vervaardigingsmasjinerie bied aan die maatskappy die opsie om die masjinerie met verstryking van die huurooreenkoms op 30 Junie 20X8 teen R1 aan te koop en word as 'n bruikhuur beskou.

Die masjinerie het 'n verwagte nutsduur van 10 jaar met geen skrotwaarde nie. Die aanvanklike kosprys was R135 000 op 1 Julie 20X3. Die rentekoers implisiet aan die huur is 14,714%.

5. 'n Ondersoek van die notules van die direksie het die volgende opgelewer wat nog aandag moet geniet:

- i. 'n Gewone dividend van R15 000 is vir die eerste keer sedert stigting van die maatskappy verklaar.

- ii. 'n Eis van R18 000 om skadevergoeding, weens rame wat nie volgens spesifikasie vervaardig is nie, is op 31 Mei 20X6 deur 'n groot klant teen die maatskappy ingestel. Die direksie is van voorneme om die saak deur die hof te laat besleg, maar is onseker oor die uitkoms. Die prokureurs van die maatskappy het aangedui dat die beraamde regskoste tot en met 30 Junie 20X6, ongeag die uitslag van die hofgeding gedurende September 20X6, ongeveer R4 500 sal beloop. U kan aanvaar dat laasgenoemde bedrag reeds nou as 'n toelaatbare uitgawe deur SAID beskou sal word.

6. Dit is die maatskappy se beleid om waardevermindering op eiendom, aanleg en toerusting reglynig oor hul verwagte nutsduur toe te deel. SAID het hierdie afskrywings in die verlede net so toegelaat.

7. Die maatskappy het op 2 Julie 20X5, FC630 000 in die buiteland geleen en daarvoor R1 400 000 ontvang. Die lening is terugbetaalbaar in FC op 30 Junie 20X8. Rente is halfjaarliks agterna betaalbaar teen 15% per jaar in FC op 31 Desember en 30 Junie. Geen VTK is uitgeneem nie. Die lening word deur SAID geag om vir bedryfsdoeleindes aangewend te wees.

Tersaaklike wisselkoerse was soos volg:

31/12/20X5	R1 = FC0,4725
30/06/20X6	R1 = FC0,50

[Aanvaar vir doeleindes van hierdie vraag dat rente omgerekend moet word teen die sigkoers op betalingsdatum, aangesien gemiddelde wisselkoerse nie beskikbaar is nie.]

8. Behoue verdienste het op 1 Julie 20X4 R100 000 beloop.

VERLANG:

- Stel die staat van wins of verlies en ander omvattende inkomste van die maatskappy vir die jaar geëindig 30 Junie 20X6 op om te voldoen aan die vereistes van International Financial Reporting Standards. Toon alle vergelykende bedrae;
- Stel die staat van veranderinge in ekwiteit, met vergelykende bedrae, vir die jaar geëindig 30 Junie 20X6 op. Slegs die kolom vir behoue verdienste word benodig;
- Stel die volgende aantekeninge tot die finansiële state van REK Bpk op. (Geen vergelykende bedrae word hier verlang nie, behalwe waar vorige tydperke herstateer word.):
 - Wins voor belasting;
 - Inkomstebelastinguitgawe;
 - Vorigetydperke-foute/veranderinge in rekeningkundige beleid.

VRAAG 3**(30 punte)**

Die verkorte staat van wins of verlies en ander omvattende inkomste van Aspatat Beperk is soos volg vir die jaar geëindig 30 Junie 20X8:

	20X8 R'000	20X7 R'000
Inkomste	800	700
Koste van verkope	(430)	(370)
Bruto wins	370	330
Bedryfskoste	(250)	(220)
Dividende ontvang	9	9
Wins voor belasting	129	119
Belasting	(36)	(44)
Wins/Totale omvattende inkomste vir die jaar	93	75

Bykomende inligting

Die volgende is nog nie in die staat van wins of verlies en ander omvattende inkomste van Aspatat Beperk in berekening gebring nie:

- Die direksie het op 30 Junie 20X8 besluit om die rekeningkundige beleid t.o.v. voorraadwaardasie vanaf die EIEU-metode na die geweege-gemiddelde-koste-metode te verander. SAID pas die nuwe beleid toe vanaf 20X8 volgens normale belastingpraktyk.

Voorraad volgens die twee metodes is soos volg:

	EIEU R	Gemiddeld R
30 Junie 20X8	700 000	800 000
30 Junie 20X7	600 000	680 000
30 Junie 20X6	500 000	550 000
30 Junie 20X5	400 000	440 000
30 Junie 20X4	300 000	Nie bepaal- baar nie

- Op 30 April 20X8 het die maatskappy grond teen 'n kapitaalwinst van R14 000 verkoop. Die direksie wil die bedrag nie afsonderlik op die "gesig" van die staat van wins of verlies en ander omvattende inkomste toon nie.
- Op 28 Februarie 20X8 het die maatskappy onversekerde vloedskade van R100 000 gely, deurdat 'n voertuig met 'n drabedrag van R100 000 heeltemal vernietig is. Die belastingbasis van die voertuig was R70 000. (Aanvaar dat die drabedrag en belastingbasis van die voertuig onderskeidelik R120 000 en R90 000 op 30 Junie 20X7, en R140 000 en R110 000 op 30 Junie 20X6 bedra het).

- 'n Bondel verkoopsfakture (goedere op krediet verkoop) met 'n totaal van R24 000 is per abuis nie in 20X7 verwerk nie. Die koste van verkope wat hiermee verband hou, is egter wel in berekening gebring. SAID het die 20X7-belastingaanslag rakende hierdie aangeleentheid heropen.
- Normale maatskappybelastingkoers :

20X8	tot 20X7
30 %	40 %
- Daar is geen ander tydelike verskille as die wat uit die vraag blyk nie.
- Kapitaalwinstbelasting moet geïgnoreer word.
- Dividende betaal het R48 000 (20X7: R41 000) bedra.
- Die saldo van behoue verdienste aan die begin van die 20X7-boekjaar, het R66 000 bedra.

VERLANG:

Stel die staat van wins of verlies en ander omvattende inkomste en staat van veranderinge in ekwiteit (t.o.v. behoue verdienste) van Aspatat Beperk met vergelykende bedrae en alle toepaslike aantekeninge (rekeningkundige beleidsaantekening uitgesluit) vir die jaar geëindig 30 Junie 20X8 ooreenkomstig International Financial Reporting Standards op. Grond u antwoord op die inligting wat beskikbaar is.

[Rond u berekenings af tot die eerste desimaal in R'000, byvoorbeeld R25 780 = 25,8]

LET WEL: Slegs aantekeninge tot die staat van wins of verlies en ander omvattende inkomste en staat van veranderinge in ekwiteit word verlang.

VRAAG 4 (40 punte)

Die volgende inligting het betrekking op Zanzibar Bpk, 'n maatskappy met 'n finansiële jaareinde van 31 Desember:

	20X2 Dt/(Kt) R	20X1 Dt/(Kt) R
Staat van finansiële posisie – rekeninge		
Masjinerie	4 349 000	5 972 000
Kosprys – 1 Januarie	9 110 000	10 000 000
Opgelope waardevermindering – 1 Januarie	(4 761 000)	(4 028 000)
Voorraad – 31 Desember	433 000	321 000

Ander rekeninge

Dividend verklaar	400 000	-
-------------------	---------	---

Bykomende inligting

1. Die uitgesteldebelaasting-aanspreeklikheid is soos volg in die aantekeninge tot die staat van finansiële posisie op 31 Desember 20X0 ontleed:

	R
Masjinerie	704 900
Aangeslane verlies	(525 000)
	<u>179 900</u>

2. Op 1 Maart 20X1 is 'n masjien met 'n oorspronklike kosprys van R890 000 vir R750 000 verkoop. Op daardie datum het die drabedrag en belastingbasis van die masjien onderskeidelik R697 167 en R600 750 beloop. Hierdie aangeleentheid is reeds korrek in die rekeningkundige rekords verantwoord.
3. Op 1 Julie 20X2 is 'n masjien met 'n oorspronklike kosprys van R1 200 000 in 'n vloed vernietig. 'n Bedrag van R630 000 is vanaf die versekeraars ontvang. Die drabedrag en belastingbasis van die masjien het op die datum van vernietiging onderskeidelik R660 000 en R390 000 beloop. Hierdie aangeleentheid is reeds korrek in die rekeningkundige rekords verantwoord.

4. Die rekenmeester van Zanzibar Bpk het reeds die volgende belasting-berekening gedoen, wat as korrek aanvaar mag word:

	20X2 R	20X1 R
Belasbare inkomste		
Rekeningkundige wins/(verlies) voor belasting	1 709 000	(1 490 000)
Niebelasbare/nie-aftrekbare verskille:		
Dividende ontvang	(150 000)	(101 000)
	1 559 000	(1 591 000)
Tydelike verskille:	(99 500)	(332 500)
Verhaling van masjien	240 000	
Verlies op masjien (vernietig)	30 000	
Depresiasie	851 000	925 833
Slytasie	(1 276 500)	(1 388 750)
Wins met verkoop van masjien	-	(52 833)
Verhaling met verkoop van masjien	-	149 250
Vooruitbetaalde uitgawes	50 000	(50 000)
Opgelope verlofaanspreeklikheid	6 000	84 000
	<u>1 459 500</u>	<u>(1 923 500)</u>
Belasbare inkomste/(aangeslane verlies)		

5. Nadat al die bogenoemde inligting en die belastingberekening reeds opgestel was, het die maatskappy se direkteure besluit dat die waardasiemetode van voorraad verander moet word vanaf die eerste-in-eerste-uit-metode na die geweeegde-gemiddelde-metode, aangesien dit tot redeliker weergawe sal lei. Hierdie verandering moet reeds in 20X2 se finansiële state bewerkstellig word. Die nuwe voorraadwaardes is soos volg:

	R
31 Desember 20X2	452 000
31 Desember 20X1	372 000
31 Desember 20X0	571 000

Die voorraadwaarde het R568 000 in die maatskappy se staat van finansiële posisie op 31 Desember 20X0 beloop. Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens het aangetoon dat die nuwe beleid vanaf 20X2 aanvaar sal word.

6. Gedurende 20X0 was die belastingkoers 35%. Hierdie koers het op 1 Januarie 20X1 gedaal na 30%. Daar bestaan sedert 20X0 onsekerheid of Zanzibar Bpk voldoende toekomstige belasbare inkomste sal hê om debietsaldo's op die uitgestelde belastingrekening te benut.
7. BTW moet geïgnoreer word.

VERLANG:

Stel die volgende aantekeninge tot die finansiële state van Zanzibar Bpk vir die jaar geëindig 31 Desember 20X2, ingevolge International Financial Reporting Standards op:

- Alle belastingaantekeninge;
- Wins voor belasting;
- Verandering in rekeningkundige beleid.

LET WEL:

- Rekeningkundige beleidsaantekeninge word nie verlang nie.
- Rond berekeninge af tot die naaste Rand.